

16 September

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17 (NAV)
Fokusgedeelte: Kolossense 3:16

Laat die boodskap van Christus jou lewe beheer!

In Kolossense 3:16 lees ons: “Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly.” Weet ons wat hierdie woorde beteken?

Eerstens moet ons onself afvra: Wat is die boodskap van Christus? Dit is niks anders nie as die boodskap wat ons daartoe bring om die aardse dinge in ons lewens te laat afsterf. Dit is die boodskap wat die afgodery in ons lewe doodmaak. Dit is die boodskap wat die ou, sondige mens en sy gewoontes breek.

Kortom: hierdie boodskap is die evangelie, die blye boodskap waardeur ons tot volle kennis van God gekom het. Ons weet noudat ons in Christus verlos is. Ons weet daardeur dat ons vry is van die sonde en die dood en dat ons nou, beheers deur die Heilige Gees, as God se eie kinders lewe. Die boodskap van Christus is dit waardeur ons soos die uitverkore volk van God lewe.

Ons moet onself dan ook afvra: Wat moet ons met die boodskap van Christus maak? Ons moet dit beslis nie afskeep nie en ook nie vir onself hou nie. Die boodskap van Christus lei al God se kinders tot innige onderlinge liefde. Daarom gaan ons teen die boodskap van Christus in as ons dit nie met mekaar deel nie.

Hoe deel ons die boodskap van Christus met mekaar? Deur daaraan gehoorsaam te wees. Ons laat ons lewens vol word van die evangelie en leer mekaar daarin. Ons kom om die Woord van die Here saam en verdiep ons in die openbaring van die Here. Ons loof en prys die Here saam as gemeenskap van die gelowiges deur sang en gebed.

So sien ons die effek wat die boodskap van Christus gesamentlik in ons almal moet hê. Absolute dankbaarheid wat ons hele lewe beheers. Dankbaarheid dat ons saam kinders van God mag wees. Dankbaar dat ons sy heiliges is. Dankbaar dat ons in vreugde voor Hom kan lewe, tot die dag wat ons met Hom kan wees.

Sing: Psalm 150:1-3 (1936)

Teol. Student Hannes Lee